# HOOFSTUK 3

# ENKELE ANDER BELANGRIKE SOSIALE WAARDES

## 3.1 Inleiding

Die regte verstaan van gebruike en gewoontes in die Bybelse tyd help ons nie net om ‘n beter insig in die antieke mens se leefwêreld te kan hê nie, maar help ons as moderne lesers in besonder om die teks wat ons lees op ons eie leefwêreld te kan toepas en verder die teks met verantwoordelikheid te kan verstaan om sodoende die “regte” boodskap van die Bybel af te lei (Du Toit 1997:elektroniese uitgawe).

Die skrywers van die Bybel het nooit hulself losgemaak van hul gebruike, gewoontes, opvattings en leerstellinge van die tyd as hulle Bybelse gedeeltes geskryf het nie. Daarom is dit baie belangrik om die antieke tekste te verstaan binne die konteks van die gebruike en gewoontes wat in die besondere tyd geheers het (Du Toit 1997:elektroniese uitgawe).

Dit gebeur gereeld in die hedendaagse samelewing dat iemand meen sy/haar woorde is buite verband aangehaal of buite die konteks verstaan (deSilva:2000:17). Daar word gereeld gehoor dat prominente figure meen dat hulle verkeerd verstaan is en dat hulle die woorde wat aangehaal is, nie bedoel het soos wat dit deur iemand anders geïnterpreteer is nie (deSilva:2000:17). Iemand kan dieselfde woorde van ‘n ander aanhaal, maar dit gebruik in ‘n ander sin, ander verband, of ander agtergrond en die woorde kan ander betekenisse hê as wat die persoon wat dit oorspronklik gebruik het, dit bedoel het (deSilva:2000:17).

Bybelse geleerdes het al meer bewus geword van die belang van die historiese-, literêre-, kulturele- of sosiale konteks waarin antieke tekste tot stand gekom het.

Sien in hierdie verband byvoorbeeld Neyrey (1991); Malina & Rohrbaugh (1992) en Neyrey (1998).

Dit is belangrik om die sosiale waardes wat in die antieke Mediterreense kultuur gegeld het te kan interpreteer binne die sosiale omstandighede van die tyd om sodoende te verstaan wat die antieke lewens- en wêreldbeskouing behels het.

Hieronder volg dan 'n aantal inleidende opmerkings oor die sosiale waardes in die Mediterreense streke, veral soos dit toegepas is in die tyd van die totstandkoming van die Nuwe Testament. Dit is nodig om hierdie sake te oordink, sodat verstaan kan word wat die lewensbeskouing van die eerste kerkvaders was.

## 3.2 Kennis van kulturele verskille ten opsigte van die verstaan van die antieke teks

Wanneer daar gehandel word met antieke tekste in die algemeen en Bybelse tekste in die besonder, moet die moderne leser die kulturele en historiese gaping tussen hom/haarself en die antieke teks oorbrug. Indien mens nie van hierdie vertrekpunt uitgaan nie, loop die leser die gevaar om te verstaan wat hy/sy wil verstaan die teks leer. Dit gebeur dan dat wat die teks sê en wat verstaan word onder die woorde van die teks, redelik ver van mekaar kan wees, veral vir mense wat nie dieselfde sosiale waardes deel nie (Franklin 1978:79).

Daar is 'n aantal maniere om hierdie probleem aan te spreek. Die een is deur die teks in sy sosio-historiese konteks te plaas (Rabichev 2004:internet). Die ander benadering kan wees om die kulturele antropologie van die Mediterreense gebied te ondersoek.

### 3.2.1 Kulturele antropologie van die antieke Mediterreense gebied

Antropologie is die studie van die mensdom, wat te doen het met alle fasette van die mens se lewe en kultuur, wat te doen het met vrae oor die oorsprong van die mens, sosiale instellings en gebruike (Wilson 1984:17). Kulturele antropologie wil die ontwikkeling van verskillende kulture navors en dit in verhouding bring met die moderne mens. Dit is die benadering van die meerderheid van die geleerdes wat die antieke samelewing tipeer as ‘n “eer en skaamte” gebaseerde samelewing (Pitt-Rivers 1977; Davis 1977; Campbell 1964; Boissevain 1974, 1979; Gilmore 1982, 1990). Dit is daarom nodig om kortliks op hierdie benadering te let.

Hierdie geleerdes ondersoek verskillende Mediterreense gemeenskappe terwyl hulle spesifieke aandag gee aan die norme van die gemeenskap, hulle ekonomiese, seksuele, sosiale, maatskaplike, politieke en godsdienstige gebruike. Hulle lê veral klem op die familie se sosiale rol en die eenheid binne die gemeenskap. Wanneer mens na hierdie geleerdes se benaderings kyk, is dit logies om af te lei dat die sosiale waardes wat gegeld het in die onderskeie antieke Mediterreense kulture ‘n groot rol gespeel het in die lewensbeskouing van die mense. Navorsing oor die sosiale waardes van die antieke kulture het geleerdes daartoe gebring om te besef dat een van die mees prominente waardestelsels in die Mediterreense kulture dié van “eer” en “skaamte” is (Muenchow 1989:599; Schneider 1971:17; Gilmore 1982:179). Gevolglik word hierdie terme deur geleerdes vandag gebruik om die Mediterreense tradisies en sosiale waardes te beskryf.


Om bloot met die gedagtes van eer en skaamte binne die lewe en werk van Klemens van Aleksandrië weg te spring sonder om die prinsipiële rondom die sosiale waardes, en hoe dit gestalte gevind het in die leefwêreld van die antieke Mediterreense samelewing te handel, sal ‘n verskraling van hierdie studie wees.

Dit is nodig dat die begrippe “eer” en “skaamte” verduidelik word ten opsigte van die sosiale waarde wat dit binne die genoemde antieke kulture gehad het.

Tweedens is dit nodig om die begrippe kortliks te gaan toets teen die agtergrond van die Nuwe Testament, om sodoende ‘n profiel op te trek van die antieke Mediterreense mens ten tye van die Nuwe Testament.

Dit is belangrik om te besef dat “eer en skaamte” te doen het met die sosiale agtergrond van die Nabye-Ooste. Dit is onontbeerlik om dit verder te toets teen die godsdienstige-, maatskaplike- en ekonomiese omstandighede van die tyd.

Soos reeds aangetoon is die vroeë kerk deur die sosiale opvattings van die tyd beïnvloed. Vermeulen (2002:33) se ondersoek bevestig dat die vroeg-Christelike kerk beïnvloed was deur 3 faktore vanuit die destydse samelewing, naamlik die sosio-kulturele faktor, die teologiese faktor, en die pneumatologiese faktor (Sien diagram hieronder).




Uit: Vermeulen (2003:33)

Vir die doel van hierdie studie sal gekyk word na die invloed van die “sosio-kulturele faktor” in die prediking van Klemens van Aleksandrië.

### 3.2.2 Die onderskeid tussen "skaamte-gebaseerde kulture" en "skuld-gebaseerde kulture"

Atherton (2003:internet) wys daarop dat daar vandag onderskeid getref moet word tussen 'n *"shame-culture"* wat hoofsaaklik kenmerkend van die antieke kulture was, en 'n *"guilt-culture",* wat hoofsaaklik kenmerkend van die moderne Westerse beskawing is. Volgens sy navorsing word beweer dat die antieke Mediterreense kulture hoofsaaklik ingestel was daarop om die mens te wys op die eer wat hom toekom vir goeie optrede en skaamte wat oor hom kom wanneer daar nie reg opgetree is nie (Atherton 2003:internet). Dit is die sogenaamde "skaamte-gebaseerde kultuur". Hy beweer verder dat die moderne Westerse beskawing hoofsaaklik daarop ingestel is om die mens wat nie reg optree volgens die wette of etiek van die samelewing nie, deur middel van een of ander straf skuldig te laat voel oor sy anti-sosiale optrede. Dit is die sogenaamde "skuld-gebaseerde kultuur" (Atherton 2003:internet).

Mense wat vandag in die publieke oog is, soos politici en akteurs, word vandag heelwat kere deur die media "verhoor" na aanleiding van een of ander misdryf, meen hy (Atherton 2003:internet), deurdat die wandaad in die openbaar genoem word, gepubliseer word en die uiteinde daarvan dopgehou word. Vir die "gewone man op straat" is sy optrede, hoe anti-sosiaal dit ook al mag wees, en hoe dit ookal teen die etiek van die samelewing indruis, in die meerderheid gevalle verborge of privaat, tensy dit op een of ander manier op die lappe kom (vergelyk in dié verband ook McIlroy 2005a:internet).

In die antieke Mediterreense kultuur was dit nie die geval nie. Alhoewel die konings en die politieke maghebbers in die publieke oog was, was dit nie die geval dat die gewone man op straat skotvry gekom het van die publieke oog nie. Almal se sake was elkeen se saak (Atherton 2003:internet). Jou optrede het die gemeenskap waarbinne jy geleef het geraak, en daarom moes elkeen telkemale vra: "wat is reg in die oë van die gemeenskap?" (Atherton 2003:internet). Indien

jy nie die belange van die gemeenskap op die hart gedra het nie, moes jy skaam wees daaroor.

Uit die voorafgaande is dit nou duidelik dat die reëls waarvolgens die antieke Mediterreense mens moes lewe drasties verskil het van die reëls waarvolgens die moderne Westerse mens lewe. Dit het die gevolg dat die reëls oor die verantwoordelikheid en blaam van die mens drasties verskil tussen die Mediterreense kultuur en die Westerse kultuur. In die Westerse kultuur is iemand "*onskuldig tot hy skuldig bewys word*". In die Mediterreense kultuur is "*iemand skuldig as hy verdink word van 'n misdaad, totdat hy die teendeel kan bewys*" (Atherton 2003:internet).

Dodds (1951) het die verskil tussen die "skaamte-kultuur" en die "skuld-kultuur" uitgewys in sy studie oor die invloed van die Griekse filosofie op die antieke mens se denke. In die genoemde studie bespreek hy antieke Griekse epogge en dramas, en hoe dit die denkwêreld van die antieke mens beïnvloed het om te beweeg van die aanvanklike opvatting dat die morele dinge en die wêreld rondom hulle slegs te doen het met die mens se verhouding teenoor die gode na 'n later verstaan dat die mens se morele verantwoordelikheid nie ophou by die verhouding met die gode nie, maar dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor mekaar. Hy (Dodds 1951) wys hoedat die antieke Griekse skrywers geleer het dat die een wat nie die vertikale verhouding nastreef nie (mens tot mens) nie sy morele verpligting teenoor die gode nakom nie.

Sophokles het volgens Dodds (1951) veral gewys op die mens se morele verpligting teenoor sy medemens, terwyl Aristoteles uiteindelik die woord "*hamartia*" laat slaan het op "tragiese fout" wat die individu begaan het en nie alleen die gemeenskap nie.

Dodds (1951) kom tot die slotsom dat die mens van die antieke Mediterreense kultuur beïnvloed is om al meer skaam te voel oor sy sonde in die oë van die gemeenskap, en dat hulle al meer die gemeenskap se belange op die hart moes dra. Vir Dodds (vergelyk Atherton 2003:internet) was die antieke kulture tipiese "skaamte-kulture", terwyl die moderne Westerse kultuur tipiese "skuld-gebaseerde" kulture is.

Atherton (2003:internet) se model oor die verskil tussen die *skaamte-gebaseerde kulture* en die *skuld-gebaseerde kulture* kan op 'n baie praktiese manier verstaan word in tabelvorm (sien tabel hieronder).

In hierdie tabel word een of ander misdaad voorgestel wat een of ander persoon, argumentsonthalwe *"EK"* gedoen het, en die persepsie van die misdaad soos beleef deur die gemeenskap word verduidelik, saam met die optrede wat van my kant (EK) verwag word na aanleiding van die openbaarmaking van die misdaad.

## SKULD-KULTUUR

### (VOLGENS DODDS (1951) DIE TIPIESE WESTERSE KULTUUR)

| | **B) ANDER MENSE GLO:** | |
|---|---|---|
| **A) EK GLO:** | **B 1) EK HET DIT NIE GEDOEN NIE** | **B 2) EK HET DIT GEDOEN** |
| **A1) EK HET DIT NIE GEDOEN NIE** | **GEEN PROBLEEM** | **EK IS ONSKULDIG TOTDAT EK SKULDIG BEWYS WORD. EK PROTESTEER TEEN DIE AANTYGINGS** |
| **A2) EK HET DIT GEDOEN** | **EK BEHOORT SKULDIG TE VOEL, MAAR EK WORD NIE GESTRAF NIE** | **<u>EK</u> IS SKULDIG EN WORD GESTRAF VIR <u>MY</u> MISDAAD** |

## SKAAMTE-KULTUUR

### (VOLGENS DODDS (1951) DIE TIPIESE MEDITERREENSE KULTUUR)

| | B) ANDER MENSE GLO | |
|---|---|---|
| **EK GLO:** | **B1) EK HET DIT NIE GEDOEN NIE** | **B 2) EK HET DIT GEDOEN** |
| **A1) EK HET DIT NIE GEDOEN NIE** | **GEEN PROBLEEM** | **EK WORD BESKAAM DEUR WAT HULLE DINK, EN MY EER IS AANGETAS** |
| **A2) EK HET DIT GEDOEN** | **NIEMAND WEET NIE, SO EK HOEF NIE SKAAM TE VOEL NIE** | **EK IS SKULDIG, EK WORD GESTRAF, EK HET MY GROEP (FAMILIE, GEMEENSKAP) SE EER AANGETAS. MY "GROEP" KAN OOK GESTRAF WORD VIR MY MISDAAD.** |

**Verduideliking van die bostaande tabelle**

Daar is twee partye betrokke in die proses van MY misdaad/sonde. Die tabel word opgestel ten opsigte van wat Ek glo oor my misdaad (A), en wat ander (B) glo met betrekking tot my misdaad.

**1) Skuld-kultuur**

In die eerste tabel het ons te doen met 'n misdaad wat in 'n tipiese skuld kultuur gepleeg word deur my (EK / A), en wat my persepsie (A1 / A2) asook die gemeenskap se persepsie (B1 / B2) rondom die misdaad van my (EK) is.

A1 + B1

Gestel my persepsie oor die genoemde misdaad is dat ek aanvaar ek is nie skuldig nie (A1), en die ander mense glo saam met my ek is nie skuldig nie (B1), dan is daar geen probleem nie. Die saak is opgelos en elkeen gaan aan met sy/haar lewe. Die spreekwoord “waar daar ‘n rokie is, is daar ‘n vuurtjie”, het my waardigheid aangetas, en die mense sal seker nog lank daaroor praat. Feit van die saak is, EK is nie skuldig nie.

A1 + B2

Gestel my persepsie oor genoemde misdaad is dat ek dit nie gedoen het nie (A1), maar die gemeenskap se opinie is dat ek wel skuldig is (B2). Die volgende riglyne geld: EK is onskuldig totdat ek skuldig bewys word. Ek het geleentheid om my onskuld in ‘n openbare hof te bewys, en indien daar nie genoeg getuienis is om my skuld te bewys nie, is ek onskuldig. In ‘n skuld-kultuur sal ek my onskuld beveg, selfs al sou ander my aankla. My oordeel oor die saak tel ook vir my, sodat ek geleentheid het om te kan bewys hoe EK oor die saak dink.

A2 + B1

In die tabelle A2 en B1 word ‘n ander scenario geskets. Gestel ek weet ek is skuldig (A2), maar die res van die gemeenskap dink ek is onskuldig (B1), word ek nie gestraf vir my misdaad nie, maar niemand weet of skuldgevoelens my hele lewe oorheers nie. In ‘n geval waar ek onskuldig bevind word aan ‘n misdaad wat ek wel gepleeg het, verwag die gemeenskap van my om skuldig te voel omdat ek nie die straf dra vir my misdaad nie. Die belangrike is egter: ek word nie gestraf nie.

A2 + B2

Indien EK skuldig is aan ‘n misdaad (A2) en die gemeenskap dink ook EK is skuldig (B2), word <u>EK</u> gestraf vir <u>MY</u> misdaad. Die gemeenskap word geen oomblik mede-verantwoordelik gehou vir my misdaad nie, en my misdaad het niemand van hulle in hul eer aangetas nie. Ek dra die skuld op my eie misdaad.

**2) Skaamte-kultuur**

In die tweede tabel het ons te doen met ‘n misdaad wat in ‘n tipiese skaamte-kultuur gepleeg word deur my (EK / A), en wat my persepsie (A1 / A2) asook die gemeenskap se persepsie (B1 / B2) rondom die misdaad van my (EK) is.

A1 + B1

Gestel my persepsie oor die genoemde misdaad is dat ek aanvaar ek is nie skuldig nie (A1), en die ander mense glo saam met my ek is nie skuldig nie (B1), dan is daar geen probleem nie. Die saak is opgelos en elkeen gaan aan met sy/haar lewe. Indien ek nie skuldig is nie, is my eer nie aangetas nie.

A1+B2

Gestel my persepsie oor genoemde misdaad is dat ek dit nie gedoen het nie (A1), maar die gemeenskap se opinie is dat ek wel skuldig is (B2). Die volgende riglyne geld: EK is dalk nie skuldig in my eie oë nie, maar die feit dat die mense om my dink ek is wel skuldig, tas my eer en waardigheid aan.  My oordeel oor die saak tel niks, ek moet wag en kyk of die mense om my my onskuld aanvaar.

A2 + B1

In die tabelle A2 en B1 het ons te doen met ‘n misdaad wat wel deur my gepleeg is, en die mense om my se persepsie oor die misdaad. Gestel ek weet ek is skuldig (A2), maar die res van die gemeenskap dink ek is onskuldig (B1), word ek nie gestraf vir my misdaad nie. Skuldgevoelens sal nie my lewe oorheers nie, want as die mense om my glo ek het niks verkeerd gedoen het, het ek niks om oor skaam te voel nie. My eer is nie aangetas nie, want niemand weet van die misdaad wat ek gepleeg het nie.

A2 + B2

By die skaamte kultuur verskil die optrede van die gemeenskap oor MY misdaad van dié van die skuld-kultuur. Indien EK skuldig is aan ‘n misdaad (A2) in die

skuld-kultuur en die gemeenskap dink ook EK is skuldig (B2), word EK gestraf vir MY misdaad. Die gemeenskap word geen oomblik mede-verantwoordelik gehou vir my misdaad nie, en my misdaad het niemand van hulle in hul eer aangetas nie. Ek dra die skuld op my eie misdaad. In die skaamte-kultuur word EK verantwoordelik gehou vir my misdaad, maar my misdaad het die eer van my groep, dit is my familie, vriendekring, of gemeenskap aangetas, omdat ek deel het aan die groep. Ek word gestraf vir my misdaad, maar my groep kan ook verantwoordelik gehou word vir die misdaad wat ek gepleeg het.

**Samevattende opmerkings**

Die positiewe van die skuld-kultuur is dat die mense om my soek na die waarheid en geregtigheid. My individuele besluite tel vir of teen my, en nie die optrede van die groep nie. Die gevoel van skuld mag my weerhou om betrokke te raak by anti-sosiale gedrag of misdaad, maar indien ek oortree, sal ek self verantwoordelikheid dra vir my optrede.

## 3.3 ‘n Profiel van die antieke Mediterreense mens

In die voorafgaande het ons gesien dat dit belangrik is om die antieke tekste te plaas binne die antieke konteks waarbinne dit ontstaan het. Ons het gesien dat dit belangrik is om die sosiale waardes wat in die antieke Mediterreense kultuur gegeld het te kan interpreteer binne die sosiale omstandighede van die tyd om sodoende te verstaan wat die antieke mens se lewens- en wêreldbeskouing behels het. Ons het gesien dat kennis van die kulturele verskille tussen die antieke Mediterreense kultuur en die moderne Westerse kultuur belangrik is. Daar is laastens bewys dat die antieke Meditereense kultuur ‘n kultuur was wat gebou was op die beginsel van skaamte, en dat die perspepsies van die mense om jou vir daardie mense baie belangrik was.

Dit is dan nou belangrik dat ons kortliks ‘n profiel saamstel van die antieke Mediterreense mens. Hierdie profiel sal ons later help om te verstaan wat die

konteks was waarbinne Klemens van Aleksandrië geleef het, en die soort mense aan wie hy skryf.

### 3.3.1 Die Mediterreense mens is ‘n groepsmens

Vandag maak die mens se kwalifikasies meer saak as sy herkoms (Malina *et al* 1995:4). In die antieke tyd was dit nie die geval nie. Wanneer daar ‘n profiel van die mens saamgestel is, is dit gedoen deur te vra waar hy vandaan kom, en van wie hy afstam (Malina *et al* 1995:4). Daarom word daar in die Bybel soveel klem gelê op geslagsregisters (Sien byvoorbeeld Matteus 1) en die afstamming van persone (Sien byvoorbeeld Johannes 1:45; Matteus 16:17; Markus 10:35).

Malina *et al* (1995:18) gebruik ‘n eenvoudige voorbeeld om die verhouding tussen die individu en die groep uit te druk:

> In ‘n dorp in die Mediterreense gebiede, byvoorbeeld Nasaret, sal familie A familie B as buitestaanders sien as dit gaan or die belange van familie A teenoor dié van familie B. Maar wanneer familie A en B by geleentheid in ‘n ander dorp kom, byvoorbeeld Kapernaum, staan familie A en B weer as groep saam as verteenwoordigers van Nasaret teen die groepe van Kapernaum. Kapernaum vorm dan in hierdie geval die *buitestaanders*.

In die antieke Mediterreense kulture was die belangrikste wyse vir die beskrywing van groepe op grond van geografiese herkoms gebaseer (Malina *et al* 1995:4). Dit was algemeen aanvaar dat persone van dieselfde geografiese herkoms groepsgevoelens teenoor hul mede-groepslede moes hê, selfs al het hulle die area lankal verlaat (Malina *et al* 1995:19).

Deur die plek van oorsprong van ‘n persoon te ken, het die antieke mens geglo kan hulle voorspel hoe so ‘n betrokke persoon sou optree in ‘n bepaalde situasie (Malina *et al* 1995:4). Hulle het geglo dat hulle kan weet wat om van so persoon te verwag (Malina *et al* 1995:19). Galilea was vir die Jood meer agterlik as Judea. ‘n Mens verstaan nou makliker dat as mense hoor Jesus kom uit Galilea, hulle vra vrae oor sy geskiktheid as profeet (Joh 7:41-42,52 – *“Baie van die skare het, toe hulle die woord hoor, gesê: Hy is waarlik die profeet. Ander het gesê: Hy is die Christus. En ander het gesê: Kom die Christus dan uit Galiléa? ... Hulle antwoord en sê vir hom: Jy is tog nie ook uit Galiléa nie? Ondersoek en sien dat daar geen profeet uit Galiléa opgestaan het nie.”*).

Iemand is sommer dadelik gekategoriseer ooreenkomstig die familie waaraan hy behoort het. Wanneer ‘n persoon binne ‘n betrokke familie grootgeword het, het hulle geglo dat ‘n mens sekere karaktereienskappe van die persoon kan verwag (Malina *et al* 1995:4). Jesus word byvoorbeeld aan die hand van sy familie gekategoriseer in Joh. 6:42– *“En hulle sê: Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?”*

Daar was in die eerste eeue nie plek vir die individu nie, maar vir die groep, en die belange van die groep. Die belangrikste groepe was die familie, die plaaslike gemeenskap, dorp, stad, stam en volk (Malina *et al* 1995:5). Die familie moet as geheel verstaan word as persone wat aan mekaar, bymekaar en ter wille van mekaar behoort tot die sosiale groep (Augsberger 1986:179).

Van die groep was verwag om altyd saam te staan (Augsberger 1986:179). Hierdie saamstaan van die groep binne die situasie van die Mediterreense kultuur het beteken dat ‘n persoon in sy houding en lojaliteit homself primêr aan die gesag van die groep moet onderwerp (Malina *et al* 1995:19). Malina *et al* (1995:19) meen dis hoe ons die oproep tot wedersydse liefde regdeur die Nuwe Testament moet verstaan. Hulle is immers in ’n groep, die familie van God,

saamgesnoer en daarom moet hulle in lojaliteit teenoor mekaar optree. Die oproep in Jakobus 4:11 om nie vir jou broer kwaad te word nie, is byvoorbeeld gemik op die beskerming van hierdie groepsgrense (Malina *et al* 1995:19). Iemand wat kwaadwillig teen 'n groepslid handel, benadeel immers die hele groep. Dit stem ooreen met Jesus se woorde in Markus 3:24, wanneer Hy sê dat 'n koninkryk (dit kan as *groep* gelees word) wat teen homself verdeel is nie staande kan bly nie. Dit verklaar waarom onmin en broederlike twis in die Bybel 'n baie groter sonde is as wat ons as moderne mense dit beleef (Malina *et al* 1995:19). Twis en onmin was nie net iets tussen individue nie, maar het die hele groep geraak, en kon mettertyd tot die vernietiging van die groep lei.

Hierdie sterk groepsgevoel in die eerste eeu was ook 'n belangrike rede waarom die Christendom so vinnig van Jerusalem tot in Rome kon versprei (Malina *et al* 1995:19). In die boek Handelinge soek Paulus met sy sendingreise gewoonlik eerste die Joodse sinagoges op (oftewel die Joodse gemeenskapsentrums) en begin daar preek (sien Handelinge 13:5,14–15; 14:1; 16:13; 17:1,10,17; 18:4,19,26; 19:8). Die Jode was deur Paulus gesien as groepslede in die betrokke plekke (hy spreek hulle aan as sy broers – vergelyk Handelinge 13:15,38). Daar is hy onvoorwaardelik aanvaar, solank hy nie in stryd met hul Joodse leerstellinge preek nie. So het die eerste Christene eintlik oral afspringplekke gehad om die Evangelie te begin verkondig (Malina *et al* 1995:19).

As die Jode egter beleef dat Paulus se prediking hulle tradisies verbreek, of hulle raak jaloers op die skares wat na sy prediking luister, jaag hulle Paulus weg (Handelinge 13:50; 14:2,5). So plaas hulle hom buite die groep en word hy vir hulle 'n buitestaander (Malina *et al* 1995:19). So is die grense van 'n betrokke groep gedefinieer en beskerm. Hul gedrag teenoor Paulus verander dan heeltemal en hy word inderwaarheid as 'n vyand van hul groep beleef. Daarom stuur hulle afvaardigings om die Jode elders teen Paulus te gaan waarsku

(Handelinge 14:19; 17:13; 21:27–28). So beskerm hulle hul groep (Malina *et al* 1995:19). So ook beskryf gedeeltes soos 1 Johannes 2:18–19 of 2 Johannes 10–11 die beskerming van groepsgrense en identiteit.

Paulus hou egter tot die einde toe vol dat hy deel is van die Joodse groep, al aanvaar hulle hom nie (sien Romeine 9:3; 16:7,11,21). Dit kan uit Paulus se hele houding gesien word as hy met die Jode in Rome praat dat hy van mening is dat hulle met mekaar versoen moet word (Handelinge 28:17–20). Hy is egter nie deur die groep aanvaar nie, omdat hy dinge gedoen en gesê het wat volgens hulle nie in ooreenstemming met die karakter en die etos van hulle groep was nie (Malina *et al* 1995:19).

Vir die groep was dit dus nie belangrik wat Paulus as individu gedink het oor hulle handeling teenoor hom nie, maar wat vir hulle belangrik is, is hoe die groep daaroor gevoel het (Malina *et al* 1995:20).

Die definiëring en die afbakening van die grense van verskillende groepe was dus nie altyd ’n eenvoudige en glashelder saak in die antieke wêreld nie. Daar kon ook aan die hand van wisselende situasies en belange wat op die spel kom, groepe binne groepe wees (sien ook die tabel hieronder). Hierdie verskillende “groepsafperkinge”, soos Malina (Malina *et al* 1995:20) dit noem, het veroorsaak dat daar in die een geval afwysend en in die ander geval positief teenoor ’n persoon opgetree kon word. Die gedurige konflik tussen Petrus en Paulus in Galasiërs 2:11–14 kan in dié lig verstaan word.

In Galasiërs 2:12 word daar van *“sommige wat van Jakobus af gekom het”* en van *“die wat uit die besnydenis is”* gepraat. Dit is bes moontlik ‘n verwysing na twee Christelike groepe met verskillende opinies wat in die gemeente teenoor mekaar gestaan het, meen Malina *et al* (1995:20). Die Joodse gebruike, onder andere die vraag oor die besnydenis, het skynbaar die twee groepe geskei, sodat daar naderhand konflik in die gemeente ontstaan het (Malina *et al* 1995:20).

Petrus moes dus vir ’n spesifieke groep kies. Hoewel almal Christene was, het Petrus homself tog anders begin gedra teenoor die *“wat van Jakobus af gekom het”*. Hy wou nie meer saam met hulle eet nie, wat daarop dui dat hy hulle in ’n sekere sin as buitestaanders gereken het (Galasiërs 2:14). Hy het hom nie totaal afgeskei nie, wat daarop dui dat hy hulle tog nog oorkoepelend as Christene beskou het. Daar was egter ’n groep binne ’n groep (Malina *et al* 1995:20). Paulus meen gevolglik dat Petrus huigel (*“Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat ’n Jood is, soos ’n heiden lewe en nie soos ’n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?”* – Galasiërs 2:14). Petrus het eers rustig saam met die wat *nie-Joodse gelowiges* geëet, maar toe ’n groep waar hy homself nouer by identifiseer bykom, het hy anders opgetree (Malina *et al* 1995:20).


In die antieke wêreld het mense hulle gewoonlik nie opgehou met die belange van die buitestaanders nie. Mense het hulle dus uit ander groepe se belange gehou (Malina *et al* 1995:21). Die *Gallio-episode* (Handelinge 18:14–17) illustreer dit mooi. Die Jode het stry gekry oor wat vir Gallio na binne groepsgevegte gelyk het. Dit is ’n saak wat die Jode as sodanig raak (Malina *et al* 1995:21). Dit gaan hom as Romein dus nie aan nie en daarom bemoei hy hom nie daarmee nie. (Sien ook Johannes 18:31; 19:6,12).

Dit sal vir ons die verstaan van die boodskap van Klemens van Aleksandrië makliker maak indien ons die bogenoemde waardestelsel oor die belang van die groep reg te verstaan.

In die onderstaande tabel word die groepsbepaling van die Mediterreense mens uitgespel. Burden (1987:59) het ‘n studie van die boek Hooglied gemaak. In sy studie het hy bevind dat die boek Hooglied opgebou is in konsentriese sirkels wat die individu eerste stel, daarna die stad, die veld, en laastens die woestyn.

Hierdie sirkels verteenwoordig die groepering rondom die karakter wat eerstens goedgesind is teenoor hom, maar hoe verder die karakter van die huis beweeg, hoe meer bedreigend tree die karakters en die omgewing teenoor die karakters in Hooglied op.

Vanuit die navorsing van Burden kan die afleiding gemaak word dat daar nie slegs in Hooglied sprake is van so 'n model van "goedgesindheid en bedreiging" nie, maar dat die hele antieke Mediterreense kultuur, en by name die gebeure in die Bybel teen so 'n agtergrond gelees kan word. Die Mediterreense mense is groepsmense: hoe nader jy aan die groep beweeg, hoe meer raak die individu se omstandighde goedgesind. Hoe verder die individu van die groep beweeg hoe meer bedreig die milieu waarin hy hom bevind sy sosiale status en sy sekuriteit.



### 3.3.2 Hoe word ek lid van die groep?

Soos reeds genoem is, was die destydse mense *groepsmense*. ’n Belangrike vraag is hoe iemand lid van ’n groep geword het? (Malina *et al* 1995:22) Die belangrikste kriteria was dat die groep jou moes aanvaar. Hierdie aanvaarding of uitsluiting uit die groepsverband het by die groep (gewoonlik by die leier van die groep) berus en nie by jou nie. Van die individu as ‘n lid van die groep is dan verwag om in ooreenstemming met die vereistes van die groep op te tree. Indien hy nie meer volgens die vereistes van die groep wou optree nie, het sy groepsverbondenheid in gedrang gekom (Malina *et al* 1995:22).

#### 3.3.2.1 Lid van die groep (familie) deur geboorte en/of aanneming

Die belangrikste manier om deel van ’n familie te word, is deur binne ‘n bepaalde familie gebore te word. Hierdie beeld word dikwels in die Nuwe Testament gebruik om te beskryf hoe ’n gelowige ‘n lid van die gesin van God word (Malina *et al* 1995:23). Voorbeelde hiervan kom voor in die volgende gedeeltes: Johannes 1:12–13 en 3:1–8, asook in 1 Johannes 2:29, 3:9, 4:7 (in Grieks word hier na die geboorte verwys wat die gelowige ’n kind van God maak) word daar gesê dat die gelowige in die familie van God in *gebore* is (sien ook 1 Petrus 1:3, 23). Malina (Malina *et al* 1995:23) sien hierdie geboorte as die begin van ‘n nuwe status as kind van God wat tot stand kom deur die werking van die Heilige Gees (vergelyk ook Johannes 3:1–8). Dit maak die gelowige deel van die Goddelike gesin met al die regte en verpligtinge van ’n kind. Johannes se woorde in 1 Johannes 3:1 dat God ons sy kinders noem, kan volgens Malina (Malina *et al* 1995:23) ook moontlik na die gebruik verwys dat die Vader, wat die leier van die gesin is, die gelowige formeel as kind en lid van die gesin aanvaar het.

Dis egter nie net geboorte wat jou ’n kind in ’n gesin kon maak nie (Malina *et al* 1995:23). ‘n Mens kon ook aangeneem word. *Paulus maak ook van die destyds bekende gedagte van aanneming gebruik om te verduidelik hoe ons deel van die familie van God geword het*, sê Malina (Malina *et al* 1995:23) (vergelyk Romeine

8:23; Romeine 9:4; Galasiërs 4:5). God aanvaar die gelowige binne sy familiegroep en ken aan hom of haar die status van kindskap toe. In Romeine 8:17 word bedoel dat die aangenome kind al die normale regte van 'n kind gehad wat in die familie gebore is. Hy het selfs aan die erfenis van God deel (Malina *et al* 1995:23).

Ons as moderne lesers verstaan nie altyd hierdie dele in dieselfde lig nie. Waarop ons egter moet let, is dat redding, wat baiemaal in die Bybel in terme van geboorte en aanneming beskryf word, net die begin van 'n hele nuwe lewensproses as familielid van God aandui (Malina *et al* 1995:23). Om as familielid aanvaar te word, beteken om in ooreenstemming met die beginsels en vereistes van die familie te leef.

**3.3.2.2 Lid van 'n groep deur versoening en loskoping**

Soos reeds genoem moes persone hulle altyd aan die reëls van die groep onderwerp. Indien hulle dit nie gedoen het nie, is sulke persone as buitestaanders en selfs vyande van die groep gereken. Hulle het immers teen die belange van die betrokke groep gedraai (Malina *et al* 1995:24).

Daar was egter maniere waarop daar tussen vyandige groepe vrede gemaak en versoening gebring is (Malina *et al* 1995:24). Dit was die hoofdoel van Jesus se sending. Sy taak was onder meer om tussen die mense wat vyande van God geword het en God self versoening te bring (Malina *et al* 1995:23). Dit beteken dat Hy die gebroke verhouding tussen mens en God moes kom herstel. Dit het prakties beteken dat die mense wat vyandig teenoor God gestaan het, deur die bemiddeling (versoening) van Jesus weer aan die hoë eise wat God vir sy groep stel, kon voldoen (Malina *et al* 1995:23; vergelyk ook Kolossense 1:22). Daar is vrede gemaak, maar hierdie vrede was op die voorwaarde dat die mense volgens die vereistes van God se groep moes leef (Malina *et al* 1995:23). Malina noem 'n praktiese voorbeeld hiervan: in 2 Korintiërs 5:17 vertel Paulus by die vredesonderhandelinge tussen God en die mense wat deur Jesus bewerk is, wat

gebeur het. Hy sê dat alles vir die mense nuut gemaak is. Die ou dinge, wat onder andere die sondeskuld insluit, het verbygegaan. Christus het dit weer vir mense moontlik gemaak om in die groep van God opgeneem te word (Malina *et al* 1995:24).

Malina (Malina *et al* 1995:24) maak ook melding van die gedagte van *loskoping*. Dit beteken dat krygsgevangenes, wat in die antieke wêreld noodgedwonge slawe van dié wat hulle oorwin het sou wees, deur hul koning losgekoop kon word van hul slawerny, natuurlik teen 'n prys (Malina *et al* 1995:25). Die feit dat hulle slawe is, beteken dat hulle aan die groep waarvan hulle slawe is, behoort (Malina *et al* 1995:25; vergelyk ook Johannes 8:34; Romeine 6:16). Deurdat die eertydse koning 'n prys betaal, koop hy weer die persoon na sy groep oor. Dit beteken vir die slaaf vryheid en die kans op 'n nuwe lewe, en wel in die groep van die koning wat hom losgekoop het (Malina *et al* 1995:25). In 1 Petrus 1:18–19 word die prys wat vir gelowiges betaal is, in terme van Jesus se bloed beskryf. Dit was die hoogste prys wat iemand kon betaal – sy eie lewe (vergelyk Markus 10:45; sien ook 1 Korintiërs 6:20 wat dieselfde impliseer.) In Galasiërs 4:5 kom die mooi beeld, dat Jesus gelowiges eers loskoop, sodat hulle dan tot God se kinders aangeneem kan word, voor (Malina *et al* 1995:23).

#### 3.3.2.3 Lid van die groep deur uitnodiging

Malina *et al* (1995:25) noem 'n derde manier hoe die mens deel van 'n bepaalde groep kon word, en dit is deur middel van uitnodiging. 'n Groep kon, veral deur die leier van die groep, uitnodigings rig aan mense om deel van die groep te word. Omgekeerd kon belangstellendes ook vra om in die groep opgeneem te word, mits hulle bereid was om die voorwaardes van die groep na te kom (Malina *et al* 1995:25) .

Voorbeelde hiervan kom in die Nuwe Testament voor: die woorde van Jesus in Matteus 4:19, 9:9; 11:28 en 19:21 bevat almal uitnodigings om Hom te volg. In

hierdie gevalle moes die persoon bereid wees om die gepaardgaande groepsverantwoordelikheid met betrekking tot navolging van Christus op hom te neem (Malina *et al* 1995:25) .

### 3.4 Patriargie

Die Mediterreense samelewing was inderdaad ‘n wêreld vir die manne (Malina *et al* 1995:6). Cornelius (2002:57-59) wys op ‘n aantal vroue wat ‘n prominente rol gespeel het in die Bybelse geskiedenis. Dit verander nog nie die feit dat die antieke kultuur die rol van die vrou anders gesien het as in die moderne kultuur nie. Dit was natuurlik ook nie net die geval in die Joods-Christelike samelewing nie (Malina *et al* 1995:6). In die Grieks-Romeinse wêreld was die vrou oor die algemeen meer geëmansipeerd, maar ook daar het die vrou ‘n ondergeskikte rol teenoor die man beklee (Malina *et al* 1995:6).

Dit beteken egter nie dat die Christendom hulle kritiekloos kom posisioneer het in die antieke wêreld en die sosiale waardes maar net so oorgeneem en uitgeleef het nie. Jesus kom in opstand teen die sosiale opvatting van die ondergeskiktheid van die vrou deur onder andere by die put (‘n openbare plek) met ‘n vrou te praat, nogal ‘n Samaritaan! (Vergelyk Johannes 4:1-30). Vir Cornelius (2002:61) is die feit dat Jesus nie die patriargale stelsel veroordeel het, versterk het, herdefinieer het, of oorgedra het nie, ‘n bewys dat Hy dit in beginsel verwerp het.

Stander (2003b:523) wys daarop dat sosiale studies in die verlede gefokus het daarop om die hele Mediterreense streek as een geheel te behandel. Neyrey (1998:8) erken dat daar nie so ‘n veralgemenings behoort te wees nie, en dat ‘n groter onderskeid getref behoort te word tussen die sosiale waardes in die verskillende streke. Soos wat sosiale klasse van mekaar verskil het, so kon sosiale waardes van streek tot streek van mekaar verskil (Stander 2003b:523).

### 3.4.1 Die familie en bloedverwantskap

Die familie was die kern van die antieke Mediterreense gemeenskap. Bloedverwantskap het die sterkste groepsband gevorm (Malina & Neyrey 1996:15). Hele uitgebreide families het gewoonlik saamgewoon in kommunes, en moes saamwerk om te kon oorleef (Malina 1993a:122).

Individue wat in nedersettings gewoon het, het goeie herinneringe gehad van wie hulle is deur te kyk in watter soort familie hulle woon. Hulle het geweet wie ryk is in terme van die nedersetting deur die grootte van sy land, hoeveelheid vee, grootte van sy oeste (Neyrey 2004f:internet). Hulle het geweet waar hulle hoort op die statusleer, wie eer verdien en wie nie, watter vroue eerbaar is en wie nie, en wie skandelike voorouers het en wie nie (Neyrey 2004f:internet).

Meeste van die mense in die moderne Westerse kultuur leef in 'n gemeenskap wat gebou is rondom individue en hul onderskeie regte. Die sosiale waardes in die moderne Westerse kulture word gebou op grond van vrywillige deelname aan, en assosiëring met die groep, asook vrywillige onttrekking van die groep en sy werksaamhede (Moxnes 2004:27). Die gevolg is dat mense binne die sosiale waardes van die Westerse kultuur nie geklassifiseer word op grond van herkoms of geslagslyne nie, maar op grond van individuele vrywillige assosiasie en individuele prestasie.

In teenstelling hiermee het die Mediterreense kulture individue aan die samelewing gebind, nie op grond van individuele assosiasie of prestasie nie, maar op grond van families, stamme en geslagte. Die primêre waarde van die individu lê in die groep (Moxnes 2004:27).

Die woord *paterfamilias* word deur Malina *et al* (1995:7) gebruik om die sosiale struktuur van die Mediterreense samelewing aan te dui wat onderdanigheid aan die vader vereis het. In die Mediterreense samelewing het die vader onbeperkte

mag oor die res van sy gesin gehad (Malina *et al* 1995:7). Die vader kon sy kinders verkoop as slawe, en kon hulle selfs doodmaak as hulle nie aan hom gehoorsaam was nie (Malina *et al* 1995:7). Die pa se naam moes ten alle koste beskerm word (Malina 1993b: 38). Die vader moes sy gesin versorg, en hulle in die openbaar beskerm (Malina *et al* 1995:7). In die antieke tyd het mens bekend gestaan as die "seun van so-en-so" of die "dogter van so-en-so" (Neyrey 2004f:internet).

Meeste van die bydraers in Peristiany (1966:173-190) fokus op die belang van die sosiale waarde van die familie. Hulle bevinding is dat 'n gesamentlike gevoel van eer die patriargale stamboom van die antieke Mediterreense mens kenmerk, en dat hierdie gevoel gestrek het van Spanje, Griekeland en Siprus tot by Kayla in Noord-Afrika en verder tot by Egipte. Davis (1987) meen dat hierdie patriargale stelsel selfs deel was van die bedoeïene van Libië en streke van Soedan.

Die volgende afleidings kan gemaak word oor die familie in die antieke Mediterreense samelewings volgens Moxnes (2004:27):

1) Die sentrale organisasie binne die antieke Mediterreense kultuur was die familie, daarnaas die stam en die geslag.
2) 'n Persoon behoort aan die familie op grond van geboorte, maar kan uit die familie gesluit word as gevolg van oneervolle gedrag.
3) Elke individu binne 'n bepaalde groep is verantwoordelik vir die eer van die groep binne die samelewing.

### 3.5 Kompetisie en afwering van kompetisie

In enige gemeenskap vind noodgedwonge interaksie tussen die individue plaas. In die Mediterreense samelewing word die interaksie met individue gekenmerk deur 'n voortdurende kompetisie met mekaar (Moxnes 2004:19). Almal moet konstant daarop ingestel wees om hul eie eer en die eer van die familie te beskerm. Hierdie sosiale interaksie neem gewoonlik die vorm aan van *kompetisie en die afwering van kompetisie*. Hierdie kompetisie en afwering van kompetisie

vind meestal verbaal plaas, maar kan ook gepaard gaan met simboliese tekens en selfs met die gebruik van fisiese geweld (Moxnes 2004:19).

### 3.5.1 Veg met strydgesprekke

Malina (Malina *et al* 1995:55) merk tereg op dat die eerste eeuse Mediterreense mense die grootste deel van hulle lewe in die openbaar geleef het. *“Eer was die resultaat van die openbare erkenning van ’n persoon se waarde. ’n Aanval op die eer van ’n persoon het ’n skerp reaksie gevra”* (Malina *et al* 1995:55).

‘n Persoon het gewoonlik ‘n vraag wat iemand uit ‘n ander groep aan hom gestel het, as ’n uitdaging van sy eer gesien. Ten einde sy eie eer en dié van sy volgelinge (sy groep) te beskerm, moes die persoon met ’n reaksie kom wat daardie ander groep weer onder druk plaas om so sy eie eer te beskerm en sy superioriteit te bewys (Malina *et al* 1995:56). Ten einde die doel te bereik was sarkasme en skerp taal algemeen gebruik. Om dus ’n vraag met ’n vraag te beantwoord, was ’n tipiese reaksie op die destydse uitdagings wat buitestaanders aan lede van ‘n groep gerig het.

Die klem het meer op die vermoë van die twee gespreksgenote geval om mekaar in uitdaging en reaksie uit te oorlê en so die superioriteit van die een bo die ander te bewys (Malina *et al* 1995:56). So ’n suksesvolle verdediging van jou eer het binne die sosiale spel aanleiding gegee tot die verhoging van jou eer. Dit het ook die eerwaardigheid van jou groep bevestig. Op dié manier is die groepslede verseker van hulle eie identiteit en is hulle hegter in die groep saamgebind (Malina *et al* 1995:56).

*“Die gesprekke wat Jesus byvoorbeeld met die Fariseërs en ander Joodse leiers gehad het, moet in bogenoemde lig gesien word. Dit was tipiese strydgesprekke”* (Malina *et al* 1995:56). Daarom is dit wat gesê word dikwels minder belangrik as hoe dit gesê word, meen Malina (Malina *et al* 1995:56). Met hierdie gesprekke is

Jesus se eer telkens op die spel geplaas. Dit het ook ‘n uitdaging gerig om die waarheid van sy getuienis te verdedig.

Jesus was op ‘n stadium in gesprek met die Sadduseërs oor die vrou wat volgens die gewoonte van destyds met sewe broers agtereenvolgens trou (telkens nadat die vorige broer oorlede is). Jesus val sy teenstanders direk aan (Markus 12:24–27). Hy sê in Markus 12:24 en 27 dat hulle dwaal. Dit bedoel dat hulle - as die mense wat die tempel, die Joodse Raad en die opleiding van die volk beheer - nie die Bybel ken nie (Malina *et al* 1995:56). Dit beteken eintlik volgens Malina (Malina *et al* 1995:56) dat hulle nie met God in kontak is nie. Daarmee val Jesus hul status en hul persone as sodanig aan, maar vestig ook sy eie status teenoor hulle.

Die antieke Mediterreense samelewing het duidelike reëls gehad waarvolgens hierdie soort interaksie moes plaasvind, sê Moxnes (2004:internet). Behoorlike kompetisie kon net plaasvind tussen mense wat gelyk of redelik gelyk in eer was in die oë van die gemeenskap. Die feit dat een persoon ‘n ander persoon uitgedaag het was reeds vir albei ‘n mate van eer gewees, want dat jy uitgedaag word was reeds die erkenning van jou sosiale status as gelyk aan die een wat jou uitdaag (Moxnes 2004:19). Om iemand wat laer status as jyself gehad het uit te daag, was ‘n verlaging van jou eie eer in die oë van die gemeenskap en ‘n verhoging van die ander se eer. Om iemand sonder eer uit te daag was doelloos en ‘n mors van tyd, en het die een wat wel eer besit het, verneder.

Wanneer ‘n uitdaging uiteindelik aanvaar word, was dit belangrik dat daar aan sekere reëls aandag gegee word (Moxnes 2004:20). Wanneer iemand ‘n ander verbaal uitdaag om in ‘n redenasie met hom betrokke te raak, was dit ‘n verlaging van eer as daardie persoon nie die uitdaging aanvaar nie. Indien ‘n persoon jou beledig was ‘n antwoord verwag anders verneder jy jouself deur niks te sê nie. ‘n Antwoord maak gewoonlik die speelveld gelyk (Moxnes 2004:20). So word kompetisie en die afwering van kompetisie gewoonlik soos ‘n spel beoefen met

vasgestelde reëls. Die wenner is die een wat sy eer kon beskerm, en daarin kon slaag om sy opponent se eer te verlaag. Die verloorder beleef 'n verlaging van sy eer en sy sosiale stand ten opsigte van die gemeenskap neem af.

Moxnes (2004:20) wys daarop dat kompetisie en afwering van kompetisie nie net die openbare lewe geraak het nie. Dit kon ook lei tot die ontstaan of staking van oorloë en stamgevegte, en kan selfs as die basis van die ontstaan van die antieke Griekse spele uitgewys word.

### 3.6 Die soeke na sekuriteit

Die Mediterreense mens is 'n mens wat voltyds op soek is na sekuriteit (Grima 1997:internet). Die Mediterreense gebied was nog nooit 'n ryk gebied nie, en deur die eeue moes die mense die beperkte middele tot hul beskikking met mekaar deel. Grima (1997:internet) wys daarop dat dit die hoofrede kan wees waarom die mense van die Mediterreense streke gewoonlik by die kusstreke saamgroepeer: ter wille van die moontlikhede van handel en seevaart, en die sosiale en kulturele moontlikhede. Dit is veral die geval in die streke van Noord-Afrika waar die Saharawoestyn 'n groot deel van die betrokke lande uitmaak.

Bogenoemde feite laat die gevoel van afhanklikheid by die Mediterreense mens baie groter word as by die Westerse kulture. Die Mediterreense mens kan nie wegkom van die feit dat sy "lewe aan 'n draadjie hang" nie (Grima 1997:internet). Die groep is baie belangrik, maar wanneer 'n buitestaander die middele het om die groep aan die lewe te hou, moet die groep plek maak vir die buitestaander, en hom akkommodeer, hoe moeilik dit ook mag wees.

### 3.7 Ons en hulle

In die Bybelse tyd was mense in hoofsaak groepsmense en nie individualiste nie. Daarvan moet ons as moderne Bybellesers deeglik bewus wees, meen Malina *et al* (1995:14).

In die Mediterreense kultuur was daar ‘n belangrike onderskeid tussen die groep en buitestaanders. Dit is een van die mees sentrale karaktertrekke van hierdie soort kulture (Malina *et al* 1995:14). Mense het destyds primêr aan hulself en aan hul verhoudinge met ander gedink in terme van groep of groepsverhoudinge. Daarom word gemeenskappe in die antieke wêreld altyd in twee groepe verdeel: ons - die lede van die groep, en hulle – dit is die mense wat nie deel van ons groep is nie (Malina *et al* 1995:14).

Vir die Mediterreense mens het elke aksie egter ‘n gelyke en teenoorgestelde reaksie (Grima 1997:internet). Terwyl die buitestaander wat die groep kan help, geakkommodeer word, word die buitestaander wat niks vir die groep kan beteken nie, uitgesluit, verag en verneder.

Grima (1997:internet) meen: *"the Mediterraneans have never quite taken to the nation state nor to the centralised city with the enthusiasm of their neighbours in Northern Europe or their cousins in North America"*, omdat hulle so ‘n hegte familie- en gemeenskapsverbintenis het. Buitestaanders word tot vandag toe gereken onder “hulle” teenoor die “ons” binne die groep (sien verder die einde van hoofstuk 3 oor die waardestelsels in die moderne Midde-Ooste).

**3.8 Beperkte goedere**

In die antieke Mediterreense gemeenskappe was die moderne idee van onbeperkte goedere onbekend (Vermeulen 2003:62). In dié verband merk Foster (1967:304) verder op *“…in the perception of the ancients, honor, like all other goods, existed in quite limited supply. There was only so much gold, so much strength, so much honor available. When someone achieved honor, it was thought to be at the expense of others.”*

Alle aardse middele was slegs in beperkte hoeveelhede beskikbaar, en enigiemand wat ambisie getoon het om meer te besit as wat hy reeds het, of as wat hy reeds verwerf het, is met agterdog en dikwels ook met nydigheid bejeën

as iemand wat nie die groep se belange op die hart dra nie maar sy eie (Malina 1993a:95), en so in die groep se pad van oorlewing en die bekomming van groepseer staan (Malina 1993a:95). Die rede vir hierdie opvatting was omdat hy die eer wat hy bekom noodwendig van iemand anders moes afneem, want goedere is slegs verdeel, nie vermenigvuldig nie (Malina 1993a:95).

Die gebied het nooit die rykdom geken wat daar vandag in eerstewêreldlande geken word nie (sien ook 2.6 hierbo). Die mense van die Mediterreense gebied moes maar altyd 'n stryd om oorlewing hê. Die spreekwoordelike "skaarsheid van die lewe" het die gemeenskap gedring om ook aan vroue ekonomiese waardes te heg ooreenkomstig haar gedrag in die oë van die gemeenskap. Die Mediterreense samelewing het die tendens gehad om na promiskue mans te kyk met 'n mate van "positiwiteit" as soort van "Don Giovannis", maar promiskue vroue is "hoere": 'n man word beskaam deur sy ontrou vrou of dogter, maar 'n vrou word nie beskaam deur haar owerspelige man of seun nie (Grima 1997:internet). Die gewelddadige reaksie van die man teenoor die seksuele losbandigheid van sy vrou of die seun teen die seksuele losbandigheid van sy suster, word verstaan en verwag van die gemeenskap. 'n Man wat sy sout werd is, beskerm sy eer deur sy belange te beskerm (*"anzi dam jissaportiha!"* - Hy het lank genoeg met haar geduld gehad!) (Grima 1997:internet).

Die vrou moet 'n goeie morele karakter hê. 'n Vrou wat haar nie "gedra" het volgens die reëls van die gemeenskap nie, kon haar eer verloor en daarmee saam haar ekonomiese waarde (Grima 1997:internet). Die vrou se seksuele gedrag, en die straf op wangedrag moes ooreenkom met die norme wat die mans van die tyd aan haar gestel het. 'n Eerbare vrou is (en word vandag nog) gesien as 'n bate vir 'n familie omdat sy die geleentheid het om in 'n meer invloedryke familie in te trou en so sal sy die status van haar pa en haar hele familie verhoog (Grima 1997:internet). Schneider (1971:5) stel voor in verband met die Mediterreense kultuur: *"given conditions of economic and institutional*

*poverty, female chastity came to be considered a valuable component of each family's patrimony and hence a means of acquiring useful affines in the struggle for survival"*. Grima (1997:internet) merk verder in dié verband op: *"It is no coincidence that even today, daughters are warned to preserve their honour, because if they fall from grace…they will drag their families along with them, with all the social and economic consequences that such disgrace entails".*

Soos wat dit baie moeilik is in 'n samelewing met beperkte middele tot hul beskikking om meer te bekom as wat hulle het, so is dit ook baie moeilik om aan iemand se eer toe te voeg, maar baie maklik vir iemand om sy verworwe eer te verloor (Boissevain 1979:90).

### 3.9 Waardestelsels

Wat word bedoel met die term waardestelsel? As 'n bietjie veralgemeen word, kan gesê word dat die term verwys na die navolging van 'n bepaalde lewenswyse. Die sosiale waardes wat in die Mediterreense samelewing gegeld het, het die lewe, gedagtes, optrede en funksionering van die antieke mens beïnvloed (Stander 2003:899). So is Jesus en sy dissipels ook deur die sosiale reëls en waardes beïnvloed (Neyrey 1998:3).

Die woord "waarde" beskryf die algemene kwaliteit en rigting wat van die mens in sy optrede verwag word. Dit is 'n algemeen geldende reël in 'n bestaande sosiale stelsel (Pilch & Malina 1993:xiii). Daar bestaan 'n wye verskeidenheid van maniere om na sosiale waardes te kyk. Terwyl die moderne mens nie van iemand anders verwag om elke taak identies as ander te doen nie, was dit nie die geval in die Mediterreense samelewing nie (Pilch & Malina 1993:xiv). Terwyl die moderne samelewing op doeltreffendheid ingestel is, was die antieke samelewing ingestel op diens aan die groep (Pilch & Malina 1993:xiv).

Pilch & Malina (1993:xix-xxii) onderskei verskillende benaderings van die mens tot die daarstel van sosiale waardestelsels naamlik die mens se benadering van eer en skaamte teenoor God/gode, die medemens en die natuur.

### 3.9.1 Die sosiale waarde van eer en skaamte teenoor God/gode

In die antieke Mediterreense samelewing was dit nie slegs belangrik om "reg" op te tree teenoor die mense met wie 'n individu in die groep verbind is nie, maar ook teenoor God/god aan wie die mens onderhorig was (Pilch & Malina 1993:xxiv). Die mens word volgens die Nuwe Testament ingedeel in twee groepe, naamlik die koring en die kaf. Die koring besit 'n eervolle posisie binne die koninkryk van God omdat hulle gehoorsaam is aan Hom. Die kaf is 'n posisie van oneer, omdat hulle ingestel is op die onderhorigheid aan mense, maar nie aan God verantwoording doen nie (Pilch en Malina 1993:xxiv).

### 3.9.2 Die sosiale waarde van eer en skaamte teenoor die medemens

Die mens word belangrik geag binne die raamwerk van die belang van die groep waarin die individu opereer. In die Nuwe Testament is mense lede van partye, soos die Fariseërs, Sadduseërs, Skrifgeleerdes of die Selote, en die optrede van die groep verskaf eer of skande aan die individu (Pilch & Malina 1993:xxv).

### 3.9.3 Die sosiale waarde van eer en skaamte teenoor die natuur

In die eerste eeue het die Mediterreense mens aanvaar dat daar baie min was wat die mens kon doen teenoor die mag van die natuur (Pilch &Malina 1993:xxvi). Die primêre ingesteldheid van die werker was om onderwerp te wees aan die magte van die natuur. In 'n wêreld waar die mens min of geen mag gehad het teenoor die natuurmagte nie, het 'n persoon wat mag gehad het oor die natuur dadelik in sy sosiale status toegeneem (Pilch en Malina 1993:xxvi). Van Jesus se wonderwerke word gesê dat dit die skares "verbaas het" (Lukas 8:24-25).

## 3.10 Ander waardestelsels waarmee rekening gehou moet word

### 3.10.1 Doen goed aan die wat goed is vir jou

Om goed te doen aan dié wat goed is vir jou, is een van die belangrikste uitdrukkings van groepsverhoudings in die antieke wêreld. Dit behels die

positiewe verhouding tussen persone wat in een of ander magsposisie was en diegene wat op die weldoeners se goedgesindheid aangewese was vir hulle eie voortbestaan (Malina *et al* 1995:15). Politieke maghebbers, aristokrate, grondbesitters en eienaars van klein besighede het gewoonlik beheer oor noodsaaklike lewensmiddele gehad en ook eervolle posisies in die samelewing beklee (Malina *et al* 1995:16). Die meeste mense in die Mediterreense wêreld was baie arm. Daarom was hulle afhanklik van die bystand van hierdie weldoeners. So kon ’n groot grondbesitter byvoorbeeld ’n stuk grond gratis aan ’n arm persoon afstaan om te bewerk (Malina *et al* 1995:16). Van sy kant moes die ontvanger dankbaar wees teenoor sy weldoener vir die gawes wat hy ontvang het.

In die sosiale antropologie word van hierdie verhouding tussen meerderes en hulle afhanklikes gepraat as ‘n “kliënt-weldoener verhouding” (Malina *et al* 1995:16). ‘n Mens moet dadelik besef dat die verhouding tussen die kliënt en sy weldoener nie gelyke kompetisie behels het nie, en die kliënt het vir sy lewensmiddele altyd afhanklik gebly van die goedheid van die weldoener (Malina *et al* 1995:16). Aangesien hierdie kliënte die persone wat aan hulle goed doen, nie in gelyke munt kon terugbetaal vir hulle weldade nie, moes hulle in ruil hul weldoeners se goeie naam in die openbaar beskerm en uitdra (Malina *et al* 1995:16). So moes hulle bydra tot die bevestiging van die openbare eer van van hul weldoeners.

Dit is uiters betekenisvol om die verhouding tussen die kliënt en sy weldoener in die antieke Mediterreense kultuur te verstaan, want sodoende kry ons meer insig in die plek wat die gelowige volgens die Nuwe Testament teenoor God se genade moet inneem. Volgens die Nuwe Testament is God die Weldoener aan die gelowige, wat met onbeperkte mag optree (Malina *et al* 1995:17). Hierdie groot mag deel Hy ook met sy Seun, Jesus Christus. Volgens Kolossense 1:15–20 vertoon Jesus die beeld van God. Dit was deur Hom wat God alle sienlike en

onsienlike dinge geskep het en dit is God wat die ganse skepping in stand hou (Malina *et al* 1995:17).

Voorts staan God se kliënte as sondaars bekend. Dit sluit almal in wat nie ooreenkomstig sy voorskrifte lewe nie (Malina *et al* 1995:17). Christus vervul egter die rol van ’n middelaar tussen God en die sondaars deur hulle los te koop uit die mag van die sonde en aan hulle toegang tot God se genade te skenk. Volgens Paulus word diegene wat in geloof op Christus se middelaarswerk reageer se status verhoog. Hulle word nou kinders van God genoem (Malina *et al* 1995:17; vergelyk ook Romeine 8:16). Hulle mag nou deel in die erfdeel van God wat Christus verwerf het (Romeine 8:17). Nou moet hulle in dankbaarheid die Naam van God, die weldoener groot maak, sy eer beskerm en Hom gehoorsaam.

### 3.10.2 Groepsgrense is belangrik

Daar kan met Pilch & Malina (1993:88) saamgestem word dat die antieke Mediterreense mens *diadies* ingestel was (vergelyk ook Malina & Neyrey 1991:25 en verder). Dit beteken dat hulle almal altyd in verhouding met mekaar en in relasie tot iets/iemand anders gestaan het.

‘n Paar voorbeelde volg:

Diadies ten opsigte van plekke:

- Simon is die man van Ciréne (Markus 15:21)
- Die vrou wat Jesus om genade smeek is ‘n Kanaäniet (Matteus 15:22)
- Die vrou by die put met wie Jesus in gesprek tree is ‘n Samaritaan (Johannes 4:9)

Diadies ten opsigte van ‘n nasie:

- Paulus hou vol dat hy ‘n Israeliet is, ‘n Hebreër uit die Hebreërs (Fillipense 3:5), en dat hy Romeinse burgerskap het (Handelinge 22:27).

- Etniese opmerkings was alledaags soos "*Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike*" (Titus 1:12).

Diadies ten opsigte van 'n familie:

- Simon is die seun van Jona (Matteus 16:17)
- Jakobus en Johannes is die seuns van Sebedeus (Markus 1 :19)
- Jesus is die seun van Maria (Markus 6 :3) of die seun van 'n skrynwerker (Matteus 13 :55)

Diadies ten opsigte van 'n skool:
Studente se aanvaarding in die samelewing hang saam met die gesag en eer van hul leermeesters in die oë van die gemeenskap.

- Paulus is 'n student van Gamaliël (Handelinge 22:3)
- 'n Debat in Johannes 9 onderskei tussen die dissipels van Moses en van Jesus (Johannes 9:28).

Uit die bogenoemde diadiese benaderings vloei 'n aantal sosiale strategieë vanuit die Nuwe Testament. Christene word die dissipels van Jesus genoem, hulle word die broeders en susters van sy familie (Pilch & Malina 1993:88). Hulle deel in die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:12), word die kinders van God (Galasiërs 4:4-6), en deel in God se koninkryk (Fillipense 3:20). Binne die familie van God moet die kinders toelaat om hulle gedagtes te laat vorm deur die leiding van die Vader, en moet so op hul hoede wees om sy eer te beskerm (1 Korintiërs 8:7-13). Binne so 'n groep moet morele waardes hoog aangeslaan word (Pilch & Malina 1993:51).

### 3.10.3 Ons groep maak nie foute nie

Die Mediterreense mens neem nie maklik inisiatief nie (Malina 1993a:135). Die rede hiervoor blyk te wees dat die Mediterreense mens waardeer word vir hoe min foute hy/sy maak eerder as vir die inisiatief wat hulle neem. Wanneer die Mediterreense mense vir iemand werk, sal hulle probeer om so min as moontlik

besluite te neem of in situasies te beland waar hulle self inisiatief moet neem (Malina 1993a:135). Dit vind beslag in hierdie mense se godsdiensbeoefening, met die nadruk op die feit dat sondes nie bely moet word nie (Malina 1993a:135). Belonings bestaan vir die mens wat die slegte vermy, die bose vermy, en die geleenthede waar sonde hom voordoen vermy, eerder as vir hom wat goed doen.

Kyk vir ‘n oomblik na Jesus se gelykenis van die tollenaar en die Fariseër in Lukas 18:9-14 met hierdie perspektief in gedagte:

> *9 EN Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel.*
> *10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een ’n Fariseër en die ander ’n tollenaar.*
> *11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.*
> *12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.*
> *13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!*
> *14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.*

In die verhaal doen die Fariseër volgens die Joodse opvatting niks verkeerd nie. Hy kom sy verpligtinge teenoor God en oënskynlik ook teenoor sy mede-groepslede na (Malina 1993a:136). Die tollenaar noem nie wat hy verkeerd gedoen het nie (vers 13). Die Fariseër neem die bekende konserwatiewe houding van die Mediterreense mens in: geen inisiatief tot skuldbelydenis, hy behou net sy status quo, terwyl hy enige sweempie van skulderkenning of foute vermy. Malina (1993a:136) wys op die tollenaar as een wat inisiatief neem - dis

baie raar in dié kultuur! Wil Jesus hier kritiek lewer op die Mediterreense mens se siening dat hulle nooit foute maak nie, vra Malina (1993a:136)?

### 3.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gewys op ‘n aantal belangrike sosiale waardes wat veral rondom die tyd van die Nuwe Testament gegeld het. Die meeste geleerdes op die gebied van die antropologie van die eerste eeue na Christus, asook die geleerdes op die gebied van die sosiale waardes van die Nuwe-Testamentiese tyd konsentreer op hierdie tydvak.

Die verstaan van die sosiale waardes in dié tydvak is belangrik om ‘n greep te kry op die navorsingsgeskiedenis asook die navorsingsprobleme wat uit soortgelyke studie spruit. Vervolgens sal die probleme wat geïdentifiseer is, aandag kry.

# HOOFSTUK 4

# ‘N AKSENTVERSKUIWING IN DIE VROEG-CHRISTELIKE KERK TEN OPSIGTE VAN EER EN SKAAMTE ?

## 4.1 Inleiding

Tot dusver is bewys dat die Mediterreense mense se sosiale opvattings anders daar uitsien as die Westerse samelewing s’n. Daar is ook bewys dat die antieke Bybelskrywers deur die sosiale opvattings van die tyd beïnvloed was, en dat hulle soms in hul geskrifte kommentaar gelewer het op die sosiale opvattings van die dag. Daar is verder bewys dat die Mediterreense kulture in terme van eer en skaamte ingerig is, en vanaf die Ou-Testamentiese tyd so ingerig was.

Eer en skaamte is die basiese waardestelsel wat in al die Mediterreense kulture voorkom. Daar is bewys dat eer en skaamte ‘n prominente rol gespeel het in die ontstaan van groepe en in die hantering van daaglikse geskille.

Daar is laastens op gewys dat die moderne leser van die Bybel nie die sosiale gebruike van die tyd sal verstaan as hy/sy nie kennis neem van die model van eer en skaamte wat in die Mediterreense kulture voorkom nie.

## 4.2 Die eerste dekades na Christus: die kerk in wording

In ‘n vorige studie is daarop gewys dat die terme “reg” en “geregtigheid” in die Ou-Testamentiese tyd prominensie gehad het in die godsdiens, die maatskaplike lewe, die politieke lewe asook die sosiale lewe (Smit 2003:38-41). In die genoemde studie word aangetoon dat die volke van die Ou Testament op verskeie terreine beïnvloed was deur die volke wat rondom hulle gewoon het, sodat hulle dieselfde idees rondom die skepping van die mens gedeel het, baie van dieselfde offergebruike gehad het, en selfs soms dieselfde beginsels in die reg bymekaar geleen het (Smit 2003:43; vergelyk ook De Vaux 1973:433-446).

"*Wanneer na die reg in die Ou Testament verwys word, moet in ag geneem word hoe die reg in die hele samelewingsverband gefunksioneer het. Elke regstelsel is altyd deel van die gemeenskap waaruit dit voortkom, en waarin dit funksioneer. Terwyl die orde wat daar in die diereryk is, die gevolg is van hulle instinktiewe optrede, is die menslike reg aangeleer, en word dit oorgedra van geslag tot geslag. Daar moet ook daarop gelet word dat elke definisie van 'n sosiale norm, en elke definisie van 'n beginsel of 'n aanname van die reg in die Ou Testament, slegs die ideologiese reël weergee, en nie noodwendig so deur elke samelewing toegepas is nie*" (Smit 2003:43).

Later is aangetoon dat hierdie wedersydse beïnvloeding ook 'n uitwerking gehad het op die Nuwe-Testamentiese gemeenskap, by name die Christene van die eerste eeue na Christus (Smit 2003:77-83). Vermeulen (2003:52) noem dat die Christene veral op 3 terreine beïnvloed was deur die kulture rondom hulle: naamlik die sosiale "Umwelt" waarbinne die kerk beweeg het (hy noem dit die sosio-kulturele faktor), die "teologiese faktor" en die "pneumatologiese faktor". Die Christene het egter telkemale ander aksente kom lê op die heidense opvattings van die dag (Smit 2003:83; vergelyk Bartelink 1986:67).

Die probleem wat geïdentifiseer is met die meerderheid navorsers se metodologie met betrekking tot eer en skaamte as belangrike waardestelsel in die Nuwe Testament, is dat die navorsers van die veronderstelling uitgaan dat daar nie verskille was tussen die opvattings van die heidene en die Christene van die tyd nie. Solank hulle in dieselfde landstreek gewoon het en dieselfde kultuur beoefen het, was hulle opvatting oor eer en skaamte universeel, meen hulle (vergelyk Pitt-Rivers 1963; 1977; Malina 1993a:1; Peristiany & Pitt-Rivers 1992:215-246; Peristiany 1965; Malina *et al* 1995).

Alhoewel Vermeulen (2003:52) drie belangrike dimensies uitwys wat die ontstaan en groei van die Christelike kerk in die eerste eeu na Christus beïnvloed het, is dit nodig om daarop te let dat ook hy in die strik van die genoemde geleerdes

trap deur veralgemenings van die voorkoms van eer en skaamte. Daar kan dus ook kritiek teen sy teorie geopper word.

In Vermeulen se bespreking van die eerste dimensie, naamlik dié van die sosio-kulturele faktor, maak hy hom telkens skuldig deur te fouteer ten opsigte van twee belangrike aspekte rakende die sosiale antropologie van die Mediterreense mens. Die eerste "fout" wat Vermeulen (2003:57-66) maak in sy studie van die sosio-kulturele invloed op die Christene is deur van die standpunt uit te gaan dat "eer en skaamte" in die antieke heidense wêreld gelyk staan aan "eer en skaamte" in die leefwêreld van die Christene. Die tweede "fout" is dat hy telkemale eer en skaamte net van toepassing maak op die antieke Mediterreense mens, en waarskynlik meen dat eer en skaamte nie belangrike sosiale waardes in die moderne Mediterreense streke is nie (vergelyk Vermeulen 2003:57, 59, 61, 63). Juis foute soos dié hierbo genoem maak dit baie belangrik om te kyk na die konsep van eer en skaamte as sosiale waarde in die tyd van die kerkvaders, en behoort selfs uitgebrei te word om latere tye in te sluit.

Raven (van den Berg 2003:49-70) maak 'n vergelykende studie tussen die sosiale opvattings van die Islam en dié van die Christene, en kom tot die gevolgtrekking dat daar etlike verskille is tussen die sosiale opvattings van die twee gelowe in die eerste eeue na Christus. Hy wys daarop dat alhoewel die Christelike kerk tydens die eerste dekades na Christus nog in wording was, en daar in hierdie tyd verskeie van die heidense opvattings en dwaalleringe vroeg reeds in die kerk kop uitgesteek het, daar teen die einde van die eerste eeu na Christus 'n beweging in die Christelike kerk was om hulself te isoleer van die sosiale gebruike van die groepe rondom hulle. Hulle het toe reeds 'n eie uitgebreide sosiale kode ontwikkel.

Raven (van den Berg 2003:49-70) is van mening dat die wetenskaplike wat slegs op die sosiale gebruike in die Nuwe Testament konsentreer, eintlik niks anders

doen as om die sosiale waardes van die Nuwe-Testamentiese Jodedom te ontleed nie, aangesien daar in die eerste eeu na Christus ‘n baie fyn skeidslyn tussen die Jode en die Christene bestaan het: die eerste Christene het byvoorbeeld steeds die Joodse besnyding toegepas, hulle het steeds bande met die Joodse sinagoge gehad, die Joodse feesdae onderhou, en dié wat uit ander volke tot die Christendom oorgekom het, aangemoedig om dieselfde te doen (van den Berg 2003:50).

Dit was eers met die Apostelkonvent in Handelinge 15 dat daar standpunte rondom die Joodse gebruike na vore gekom het waarin die pas aangegee is vir ‘n latere verwydering tussen die kerk en die sinagoge (van den Berg 2003:50). Hier het veral Paulus sterk standpunt ingeneem teen die gebruik om “heidense” Christene te verplig om Joodse gebruike te aanvaar. Die briewe van Paulus maak vervolgens meermale melding van die Christene se verwydering van hierdie wêreld (verwysende na die sondige wêreld), en die verskil met die Joodse gebruike (lees byvoorbeeld Romeine 2-4 en Romeine 6; Kolossense 2-3 oor Paulus se standpunte met betrekking tot die Jode se gebruike en feeste).

Uit Galasiërs 5:6-11 (waarskynlik geskryf in die jaar 50 na Christus) is dit duidelik dat Paulus die gemeente moet vermaan oor die onderhouding van die Joodse gebruike verdeeldheid veroorsaak. Die gemeente in Galasië[1], onder invloed van dié wat die gemeente in “die war bring” (Galasiërs 5:10) en hulle *“opstandig*

[1] Ons weet nie met volle sekerheid wie die Galasiërs was aan wie hierdie brief gerig is nie. Die onsekerheid hieromtrent ontstaan deurdat dit nie presies bepaal kan word watter gemeente(s) Paulus bedoel as hy aan die Galasiërs skryf nie. Daar was ’n landstreek Galasië diep in die binneland, reg noord van die gemeentes wat Paulus op sy eerste sendingreis gestig het; en daar was ’n provinsie Galasië, wat die landstreek saam met die gebied van die gemeentes van die eerste sendingreis ingesluit het.

In Galasiërs 4:13 is daar ’n aanduiding dat Paulus “Galasië” twee maal besoek het. Indien die brief gerig is aan die gemeentes in die provinsie Galasië, was die eerste besoek tydens die eerste sendingreis toe hy die gemeentes in Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe gestig het, en die tweede besoek tydens die tweede sendingreis toe hy weer by dieselfde gemeentes aangedoen het. In hierdie geval kan die brief vanuit Korinte in die jaar 50 n.C. geskryf gewees het.

*maak”* (Galasiërs 5:12) het gedeeltelik steeds die Joodse besnydenis onderhou. Paulus antwoord die gemeente in vers 6-11: *“Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. Julle het goed geloop: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees? Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie. ’n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees. Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolg? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig!”* Hieruit kan ons aflei dat die voorkoms van “suiwer” Christelike gebruike eers later dateer.

Raven (van den Berg 2003:55) bewys myns insiens volledig dat die Christene in die latere jare van die vestiging van die kerk relatief koud gestaan het teenoor die sosiale gebruike van die groepe rondom hulle, omdat hierdie gebruike gewoonlik teen die Christelike etiese kodes ingedruis het.

Raven (van den Berg 2003:56-58) wys daarop dat die Christene van die res van die groepe rondom hulle verskil het veral ten opsigte van vyf belangrike kenmerke:

a) Intoleransie vir die visies en praktyke van ander
b) Bekeringsywer en sendingaktiwiteite
c) Breedvoerige verklarende teologie
d) Positiewe houding teenoor godsdienstige vervolging
e) Rasionalisme in geloof en praktyk

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om te let op die eerste kenmerk waarop Raven wys, naamlik die Christene se intoleransie vir die visies en praktyke van ander.

### 4.2.1 Die Christene se intoleransie ten opsigte van die visies en praktyke van ander

Die onverdraagsaamheid van die eerste Christene teenoor die groepe rondom hulle het veral op twee maniere tot uiting gekom: intern en ekstern. Intern kom dit uiting in die hoeveelheid skeuringe wat daar in die Christelike kerke plaasgevind het (en steeds plaasvind) (van den Berg 2003:56). Ekstern kom die onverdraagsaamheid van die Christene tot uiting in die intoleransie teenoor dié wat nie die Christelike geloof en waardes aanvaar nie. Hsu (1967:1) merk tereg op: *"Believers of all Asian indigenous creeds are not even inclusive. Rather they tend to be indifferent"*. So 'n standpunt kán bewys dat die Christene van die eerste eeue ook tog verskil het van die gebruike en gewoontes van die tyd.

## 4.3 Is daar verskil tussen die Christene en die heidene in terme van eer en skaamte?

### 4.3.1 Jesus en vroue

#### i) Sy optrede teenoor vroue

Jesus het vroue ingesluit waar sy Joodse eweknieë hulle gewoonlik uitgesluit het (Stream 1988:elektroniese uitgawe). Vroue kon nie deelneem aan die aanbidding in die sinagoge nie, en was verbied om die tempel te betree verby die *voorhof vir vroue*. 'n Vrou mag nie die Skrifte aangeraak het nie, want sy sou dit ontheilig (Stream 1988:elektroniese uitgawe). 'n Man was nie veronderstel om met vroue te praat nie, selfs nie sy eie vrou nie. In die openbaar was geselsies met vroue verbode.

Jesus het Hom nie veel gesteur aan hierdie sosiale ongeregtigheid nie. Behalwe dat Hy met die Samaritaanse vrou by die put praat (Johannes 4), was van sy naaste vriende Maria, Martha en Maria Magdalena. Daar was vroue wat Jesus gevolg het van Galiléa na Golgota (Markus 15:41). Hy wys Maria se keuse om aan sy voete te sit by die etenstafel, en te luister na sy woorde nie af nie (Lukas 10:39). Hy het nie haar bevoegdheid om te verstaan wat Hy leer bevraagteken

nie; Hy prys haar eerder dat sy 'n goeie keuse maak, en dat dit nie van haar weggeneem kan word nie (Lukas 10:42).

Die verhaal van die "sondige vrou" in Lukas 7:36-50 is opvallend: sy bewys haar dankbaarheid aan Jesus, en Hy wys haar handeling nie af nie. Jesus laat die vrou toe om Hom aan te raak in die teenwoordigheid van sy verontwaardigde dissipels. Dit vind plaas in die huis van 'n Fariseër wat Jesus vir ete genooi het (Lukas 7 :36). Die "nederige" Fariseër voel onteer dat Jesus sulke dinge toelaat (vers 39) en dink by homself dat Jesus nie so 'n groot profeet kan wees as wat die mense sê nie. Die Fariseërs sou so iets nie toegelaat het nie, selfs al was sy "goed" en nie 'n "sondares" (Lukas 7:39) nie.

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, het Jesus aangeraak (Markus 5:25-34). Volgens die wette in Levitikus, is 'n vrou wat aan bloedvloeiing ly "onrein", en maak sy alles wat sy aanraak onrein (Levitikus 15:19-33). Jesus kon die vrou teregwys en aandring dat sy gestraf word omdat die vrou sy reinheid in gedrang bring. In plaas daarvan laat Jesus haar opstaan en sê wie sy is (asof dit saak gemaak het vir die mans wat om Hom staan), en merk dan op dat haar geloof haar gered het (Markus 15:34).



Kritisering? Jesus praat met ‘n Samaritaanse vrou by die put. ‘n Skildery van die verhaal in Johannes 4 uit ‘n katakombe in Rome en dateer uit die vierde eeu na Christus.

Uit: Stream (1988:elektroniese uitgawe)

**ii) Jesus se leringe oor vroue**

Jesus het die Fariseërs se dubbele standaarde met betrekking tot die huwelik gekritiseer. Hy kyk met nuwe oë na die huwelik en egskeiding as hy die vraag beantwoord of dit *reg is as ‘n man van sy vrou skei* (Markus 10:2). Sy hoorders sou nooit die vraag wou omdraai deur te vra: is dit reg as ‘n vrou van haar man skei nie, want so iets was onbekend. Onder die Joodse Wet kon net mans van hul vroue skei, en nie andersom nie. Jesus wys dat egskeiding as gevolg van die hardheid van mense se harte toegelaat word, en nie ‘n toegewing van God is nie. Hy wys ook op die gelyke verantwoordelikheid tussen man en vrou in die huwelik.

Jesus korrigeer verder die geleerdes oor hul begrip van egbreuk: egbreuk begin in die hart, en nie net wanneer die egskeiding fisies plaasvind nie, en 'n man kan ook ontrou wees aan sy vrou (Matteus 5:27-30). Die Joodse wet het egbreuk gesien as 'n oortreding van die vrou teenoor haar man, nie 'n man teenoor sy vrou nie. As 'n man 'n ongetroude vrou besoek het, was dit nie gereken as egbreuk nie. Die verkragting van 'n ongetroude meisie was 'n misdaad, maar die egbreuk nie. Slegs as die eer van die man aangetas word het egbreuk ter sprake gekom. Jesus bevestig dat selfs die een wat na 'n vrou kyk en haar begeer alreeds in sy hart egbreuk gepleeg het (Matteus 5:28).

**iii) Die kruisiging en vroue**

Volgens die Evangeliebeskrywings was vroue teenwoordig by Jesus se kruisiging (vergelyk Johannes 19:25). Vroue het eerste die leë graf besoek (Johannes 20:1-10; Matteus 28:1-10) en gesien dat Jesus opgestaan het. Vroue moes hierdie boodskap aan die dissipels bring.

**iv) Verdere opmerkings oor vroue in die Nuwe Testament**

Dit is natuurlik so dat die vroeë kerk na aanleiding van die voorbeeld van Christus heelwat van die gebruike en gewoontes, asook die opvatting oor eer en skaamte as basiese sosiale waarde oorgeneem het (Malina *et al* 1995:1). Hulle was immers nog deel van die Mediterreense streek met hul unieke sosiale strukture. Christus het self deelgeneem aan strydgesprekke (vergelyk Matteus 22:34-40). Hy het hom onderwerp aan die ekonomiese reëls van die tyd (vergelyk Matteus 22:15-22).

Dit is egter ook so dat Hy die gebruike van die tyd soms bevraagteken het, hetsy by wyse van optrede (vergelyk Johannes 4:5-30 waar Jesus met die Samaritaanse vrou in gesprek is), hetsy by wyse van mondelinge kritiek (vergelyk Matteus 5:17-48; Matteus 6:14-18).

Kyk byvoorbeeld na die volgende verse:

> Matteus 5:22 – "*...Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg...*"
>
> Matteus 5:44 – "*Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg*".
>
> Matteus 6:3 – "*...as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie*".
>
> Matteus 7:3 – "...*waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?*"
>
> Matteus 12:50 – "*...elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder*".

Daar kan dus etlike geleenthede in die Nuwe Testament gelys word waar Jesus self nie die sosiale gebruike van die tyd, en die opvatting oor wat eervol en wat skandelik is, gedeel het nie.

Eer en skaamte is ongetwyfeld dié belangrike sosiale waarde vir die Christene ook. Wat hierbo bepleit word, is dat daar bewys moet word of die Christene nie dalk tog ook verskil het in wat hulle as eer en wat hulle as skaamte gereken het nie (sien byvoorbeeld Neyrey 2004e:internet, wat beweer dat die sosiale opvatting dat dit 'n skande is om 'n navolger van 'n gekruisigde te wees, deur die Christene geïnterpreteer word as 'n eer).

Uit die sake wat tot dusver bespreek is, blyk die volgende gevolgtrekkings voor-die-hand-liggend te wees:

1) Eer en skaamte is belangrike kernwaardes in die Mediterreense gebied.
2) Sommige navorsers het hul studie gebaseer op die aanname dat daar 'n soort universaliteit tussen eer en skaamte in een geografiese gebied is. Dit is egter te betwyfel. Dit is duidelik dat daar later van tyd 'n verskil was tussen eer en skaamte as waardes by die Christen en dié rondom hulle.

### 4.4 Eer en skaamte was moontlik nie universeel eenvormig nie

Dit was na alle waarskynlik Nelson (1990) wat die eerste keer daarop gewys het dat eer en skaamte by die Christene verskil van eer en skaamte by die res van die groepe rondom hulle, al woon hulle in dieselfde geografiese gebied. Nelson gaan van die standpunt uit dat eer en skaamte by die Christene nie so streng gebaseer was op geografiese gebiede, herkoms, en afstamming nie, maar eerder 'n geestelike eenheid gehad het (Nelson 1990:27), wat bo afkoms, herkoms, status en besittings eerbiedig was. 'n Paar jaar later merk deSilva (2000:43) in die verband op: *"The early Christians proclaimed a message and stood for values that differed from, and indeed contradicted, core values within which the church arose."* Dit het daartoe gelei dat die nie-Christelike bure die vroeë Christene onderwerp het aan 'n soort "sensuur" en tegnieke om die Christene te beskaam. Hierdie metodes is ontwikkel om die Christene terug te bring *"…in line with the values and behaviors held dear by the surrounding culture"* (deSilva 2000:43).

Die skrywers van die Nuwe Testament spandeer nou gevolglik baie aandag daaraan om die lede van die Christelike gemeentes te isoleer teen die aanvalle van dié wat hulle probeer beskaam, terwyl hulle die hoorders oproep om "blywende eer" na te jaag in teenstelling met die "wêreldse eer" wat verbygaan. Vergelyk byvoorbeeld die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 9:24-27: *"Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles - húlle nogal om 'n verwelklike krans te*

*ontvang, maar ons 'n onverwelklike. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie".*

Die Nuwe Testament gebruik steeds die bekende woorde van eer en skaamte om die waardes van die Christelike groep te beskryf, maar hulle word opgeroep om 'n ander inhoud aan die omgewing se opvatting van sosiale waardes te gee (deSilva 2000:43).